# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

12/2022

12 April 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Sportdeelname aan wintersport is tans vir ons 'n bron van kommer. Daarom ontvang u vandag 'n opname-vorm hieroor. Die vorm verwys na somer- en wintersporte. Maak asseblief seker u voltooi dit en stuur dit terug skool toe teen Donderdag, 14 April 2022. Soos u weet, neem baie van ons leerders aan twee wintersporte (rugby/netbal en hokkie) deel. Al hoe meer leerders maak 'n keuse om net aan een daarvan deel te neem, wat dan 'n negatiewe effek op die ander sportsoort het.

Op laerskoolvlak is dit baie goed vir leerders om aan soveel as moontlik sportsoorte deel te neem en dan kan daar in die hoërskool 'n keuse uitgeoefen word tusssen een van die twee sportsoorte. Verder is dit in 'n skool van Mikro se grootte, krities noodsaaklik dat leerders aan soveel as moontlik sporte sal deelneem, anders is die diepte (getal deelnemers) in sekere sporte nie goed genoeg om met groter skole te kan kompeteer nie. Vir hierdie winterseisoen se wedstryde het ons juis gepoog om teen skole van ons grootte mee te ding, want dit is belangrik vir kinders om sukses (in die vorm van oorwinnings) te smaak. Indien u kind aan geen wintersporte, of net aan een van die twee wintersporte deelneem, vra ons dat u dit sal heroorweeg, ten einde nie net 'n hoër persentasie deelname te verseker nie, maar ook om vir leerders meer geleenthede te gee.

## 2. MIKRO MAKKERS NASORG – DAGTARIEWE TYDENS SKOOLKWARTALE

Ons skep nou vir u die geleentheid om u kind net vir sekere dae in 'n week by Mikro se nasorg in te skryf. Let asseblief op die volgende:

- Begindatum: Dinsdag, 3 Mei 2022
- Dit moet **dieselfde vasgestelde dae per week** wees (kan nie van week tot week afgewissel word nie)
- Koste: R70 per dag (dit is **maandeliks vooruitbetaalbaar** voor of op Dinsdag, 26 April 2022 en sluit 'n peuselhappie in)
- Indien u wil inskryf, kan u 'n vorm by die skool se ontvangs afhaal of u kind se klasonderwyser laat weet, sodat 'n inskrywingsvorm saam met u kind gestuur kan word.
- In die Junie- en Septembervakansies, kan die hoeveelheid dae tot 'n vol week verleng word. Inligting hieroor sal later in die kwartaal volg.

## 3. KOS@MIKRO – SAMEROEPERS 2022

Die Kos@Mikro-komitee bestaan tans gedeeltelik uit ouers wat aan die einde van 2021 hul diens moes beëindig, aangesien hulle kinders die skool verlaat het.

Ons is dringend op soek na 'n ouer of ouerpare wat deel van die Kos@Mikro-komitee wil word. Hierdie komitee is behulpsaam met die beplanning en organisering van verkope tydens bv. sportdae en ander skoolaktiwiteite.

Kontak asb. die skool by info@laerskoolmikro.co.za. Ons maak staat op u ondersteuning in dié verband.

## 4. CIVVIEDAG: DONDERDAG, 14 APRIL 2022

Op Donderdag, 14 April 2022, kry die leerders geleentheid om vrywillig gewone klere teen slegs R5 aan te trek.

### ***CIVVIEDAG***

Die hoofdoel van hierdie dag is om skoolklere met gewone klere te vervang. Dit is nie 'n metamorfose met die nuutste modegiere nie en nie die geleentheid om soos 'n hoërskoolleerder te lyk nie!

VOORKOMSRIGLYNE VIR DOGTERS

Klere:
Gemaklike klere wat pas by dié van 'n laerskooldogter. Rompe/rokke moet 'n gepaste lengte wees, broeke mag nie te kort wees of te laag gedra word nie. Hemde mag nie te veel ontbloot nie en moet komplimenterend wees. Gr. 4 – 7 dogters moet gemaklike skoene/sandale/tekkies dra. Gr. 1 – 3 dogters kan gemaklike skoene/sandale/tekkies dra of kaalvoet wees.

Hare:
Lang hare moet op 'n gepaste manier vasgemaak word soos vir 'n gewone skooldag. Geen nuwerwetse haartooisels mag gedra word nie.

Juweliersware:
Geen juweliersware mag gedra word nie, behalwe 'n "medical alert" bandjie.

Gaatjies in die ore:
Slegs een silwer of goue klein ringetjie of knoppie mag in elke oorgaatjie gedra word.
GEEN GRIMERING
GEEN SONBRILLE

VOORKOMSRIGLYNE VIR SEUNS

Voetbedekking:
In die somer kan seuns met kaalvoete of skoene, plakkies of sandale skool toe kom. Geen van laasgenoemde mag swart strepe in die gange agterlaat nie. "Healleys", met wiele onder die sole, word nie toegelaat nie.

Kleredrag:
Gemaklike klere wat by 'n laerskoolleerder pas, mag gedra word. Geen oorgroot hemde en broeke word toegelaat nie.

Hare:
Hare moet netjies wees en aan die skool se vereistes voldoen. Geen gel of ander stileringsprodukte word toegelaat nie.

Bykomstighede:
Geen oorringe en "studs" word by seuns toegelaat nie. Geen hangertjies en keppies of "beanies" mag gedra word nie. Armbande word ook nie deur seuns gedra nie.
GEEN SONBRILLE.


## 5. SPORTPROGRAM VIR WEEK 2: 12 April 2022 tot 18 April 2022



**Rugby:** Woensdag, 13 April 2022 Mikro (tuis) teen Table View

| VELD | TYD | SPAN |
|---|---|---|
| A (onder) | 15:30 – 16:05<br>16:10 – 16:55<br>17:05 – 17:50 | O/11A<br>O/13B<br>O/13A |
| B (bo) | 14:50 – 15:25<br>15:30 – 16:05<br>16:10 – 16:45 | O/10B teen Rouxville<br>GEEN<br>O/10A |
| C (bo) | 14:45 – 15:10<br>15:15 – 15:40<br>15:45 – 16:10<br>16:15 – 16:40 | O/7C<br>O/7B<br>O/7A<br>O/8C |
| D (bo) | 14:45 – 15:10<br>15:15 – 15:40<br>15:45 – 16:10<br>16:15 – 16:40 | O/8B<br>O/8A<br>O/9B<br>O/9A |

**Velduitleg**



**Geen buitemuurs op Donderdag, 14 April 2022:**



Weens Paasnaweek wat voorlê sal daar geen buitemuurse aktiwiteite op Donderdagmiddag, 14 April 2022 plaasvind nie.

## 6. LOOTJIEKOMPETISIE

# Wen 'n 4-ster vakansie na Mauritius vir 2 persone vir 7 dae!!!

Ons skop die kwartaal af met 'n lootjiekompetisie. Elke leerder het 'n lootjieboekie met 5 kaartjies @ R100 per kaartjie ontvang, dus R500 per boekie. **Die sluitingsdatum is Vrydag, 22 Julie 2022. Datum van trekking: 29 Julie 2022**

Betaling geskied d.m.v. kontant of kaart (kom betaal by die skool asb.). Daar is ongelukkig geen opsie om met Karri of EFT te betaal nie a.g.v. administratiewe uitdagings.

Dit is vir ons ook aangenaam om alle leerders wat 'n volle lootjieboekie verkoop, deel te maak van 'n gelukkige trekking.

## 7. MY SCHOOL ONDERSTEUNERS: "Let's SWIPE IT UP!"




**My School ondersteuners** staan 'n kans om hul deel van R200 000 KONTANT te wen deur slegs hul MySchoolMyVillageMyPlanet of gekoppelde Woolworths-kaarte by enige van die My School besigheidsvennote tydens April 2022 te gebruik! Die 10 skole met die hoogste persentasie groei in aantal "swipes", wen ook hul deel van R230 000.

- Die kompetisie is van 1 – 30 April 2022. Elke 'swipe'/swiep/gebruik van jou kaart tel as 'n inskrywing. Hoe meer jy jou kaart gebruik, hoe beter jou kans om te wen. Indien u nog nie 'n MySchool ondersteuner nie, sluit aan by https://www.myschool.co.za/portal/register
- Bestaande MySchool ondersteuners kan hul besonderhede nagaan of opdateer by https://www.myschool.co.za/portal/login
- (Kompetisie B's en V's is beskikbaar by https://www.myschool.co.za/blog/myschool-myvillage-myplanet-swipe-competition-terms-and-conditions-the-rules/).

## 8. GELUKWENSINGS

**Tygerberg Kinderkoor**

Janko Lamprecht (6.4) het Vrydag, 8 April 2022 aan die Tygerberg Kinderkoor oudisies deelgeneem. Sy oudisie was baie suksesvol en hy is as lid van die koor gekies. Ons is baie trots en opgewonde saam met hom. Sterkte met hierdie nuwe sanghoofstuk. Ons sien uit daarna om jou op die verhoog te sien.

Ons wens vir almal 'n veilige en geseënde Paasnaweek toe.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY: coolideas FIBRE INTERNET

VUMA



# OWO – KLEREKAS
## Dringende versoek



Die OWO se klerekas is besig om leeg te loop. Die klerekas maak van skenkings wat deur ouers gemaak word, gebruik.

Fondse wat hieruit gegenereer word, gaan direk na die OWO-rekening. Fondse in hierdie rekening word gebruik om behoeftige kinders op vele terreine in die skool te ondersteun.

Kom ons leef die omgee-waarde van Mikro prakties uit en ***SKENK*** ou skool- en sportklere, wat steeds in `n goeie toestand is, na die klerekas.

Daar is op hierdie stadium baie min sweetpakke en sportklere. Ondersteun asb. die projek, sodoende help ons ook gesinne wat nie noodwendig nuwe skool- en sportklere kan bekostig nie.

**KOM ONS WERK AS `N MIKRO-FAMILIE SAAM EN HELP MEKAAR!!!**

MIKRO O.W.O OUERS WAT OMGEE

***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter kontant terug |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

ELTO TOWERS

**Tel: (021) 903 5101 : www.elto-towers.co.za**

OK Foods OK Liquor · KROONPLAAS · PATRIOT COFFEE · CARESSO




CALTEX